SINODALE KOMMISSIE VIR DIE DIENS
VAN BARMHARTIGHEID – O.V.S.

W.O. 1195

SINODALE SENTRUM
ST. ANDREWSTRAAT 147
POSBUS 1399
BLOEMFONTEIN
9300

SEKRETARIS: DS. J. L. PRETORIUS
TELEFOON: 77477

Verwysingsnommer:
F/1

DIE SENDINGSEKRETARIS
9-6-1975
N.G. KERK, O.V.S.

5 Junie 1975

Die Voorligtingsbeampte,
Posbus 81,
SMITHFIELD.
9966

Geagte mnr Jacobs,

PLAAS: VALSFONTEIN NO. 147 DISTRIK BETHULIE

My skrywe F/1 van 30 April 1975 en u antwoord van 13 Mei 1975 het betrekking.

Vind asseblief die ingevulde aansoekvorm vir die beplanning van Valsfontein in duplikaat hierby aangeheg. U sal opmerk dat volledige besonderhede in verband met sekere waterregte waaroor die plaas by wyse van 'n serwituut beskik, aangeheg is, aangesien hierdie waterregte moontlik van belang by die voorgenome beplanning mag wees.

Valsfontein is die eiendom van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en staan onder 'n plaasbestuur waarvan die lede tans is:

Ds D.S. Snyman Voorsitter
Ds J.L. Pretorius Sekretaris
Mnr C.R.P. Jacobs, Posbus 106, Trompsburg.

Die huidige huurder is mnr J.P. van Schalkwyk, Posbus 13, Trompsburg.

Indien u 'n afspraak wil maak in verband met die beplanning van die plaas, moet u asseblief in verbinding met mnr C.R.P. Jacobs tree.

Die uwe,

DS J.L. PRETORIUS: SEKRETARIS: SKDB

Ds D.S. Snyman,

Afskrif vir u kennisname.

Die uwe,

DS J.L. PRETORIUS: SEKRETARIS: SKDB